
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

JESUS GENEES DIE VERBRYSEL VAN HART

Ons lees in Lukas 4:18 en 19 die woorde van Jesus toe Hy in die sinagoge opgestaan het en Sy doel aan die mense verklaar: **Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die Evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is te genees; om aan gevangenis vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur….**

Dieselfde waarheid kom na vore in Handeling 10:38 **….met betrekking tot Jesus van Nasaret. Hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deur gegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.**

Joh.10:10 "Die dief *(Satan)* ***kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek*** *(Jesus)* ***het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê."*** Satan is die dief en vernietiger, en sy doel is om elkeen wat in hierdie wêreld gebore word, op enige moontlike manier te vernietig, gebonde en gevange te hou. Maar ons lees in Luk.4:18 dat Jesus se sending was om diè wat gebroke van hart is te genees en om die gevangenis vry te laat. Jesus het aarde toe gekom as God gemanifesteer as mens om die werke van die vyand te vernietig en Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. (Heb.13:8). Onskuldige kinders is dikwels die vyand se prooi en hulle dra hierdie wonde of kneusplekke vir die res van hulle lewens. Hulle is nie vry om die mense te wees wat die Here vir hulle bedoel het nie. Vrees, onsekerheid, bitterheid en verwerping is bewyse van Satan se werk en hierdie onderdrukking van die vyand sal aanhou totdat dit geopenbaar en daarmee gedeel word in die Naam van Jesus.

Dit is in hierdie dae baie duidelik, dat dit dikwels Christene is wat as gevolg van hierdie wonde en kneusplekke van Satan ly. Kneusplekke veroorsaak skeiding tussen lede van 'n gesin, en tussen lede van Jesus se liggaam, die kerk. Vrees en wantroue bring altyd skeiding en die vyand heers waar daar verdeeldheid is.

Satan se mikpunt en doel is om te kneus en dit is in Gen. 3:15 voorspel. Die Here het met die slang (Satan) gepraat en gesê: **"En ek sal vyandskap stel tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."** Jesus self was verbrysel. **Jes.53:5: "Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.**

Jes.53:10: "Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het hom krank gemaak; as Sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur Sy hand voorspoedig wees." 'n Intieme vriend het Hom verraai en Hy was bespot (Jes. 53), beskuldig (Matt. 12:24), gehaat en verlaat.

Onskuldige kinders is van Satan se uitgesoekte doelwitte, soms selfs voor geboorte. Vrees kan jou kinders aanval en verwerping kan 'n vastrapplek in 'n jong gemoed kry, sodat die kind as 'n volwassene dit moeilik sal vind om liefde te toon of te ontvang. 'n Kind wat misbruik en mishandel was, sal vol vrees, teruggetrokke of rebels opgroei, kinders van die Here is ook Satan se teikens. Nuwe Geesvervulde gelowiges is teikens vir agterdog en verwerping en dan word hulle diens vir die Here belemmer deur leuens en verdeeldheid. Satan gebruik misverstande, vals aantygings, verwerping en vrees om te breek en te vermink.

Heb.12:1: "…..laat ons ook elke las aflê…. wat ons so maklik omring……. Kneusplekke bind ons aan die een wat die seer toegedien het. Hulle verslaaf ons deur te veroorsaak dat ons bitterheid en onvriendelikheid ontvang en reageer met bitterheid en onvriendelikheid. So hou Satan se plan ons in sy kloue. Prys die Here dat Jesus gekom het om hulle wat gekneus is te genees en vry te maak. Hy maak hulle wie se verstand en gees gebind is vry en genees elke indiwidu se liggaam sowel as Sy Liggaam (Die Kerk) hier op aarde.

Baie kinders van die Here is soos 'n appel wat geval en gekneus het – daar is vir 'n paar dae geen uiterlike teken van skade nie, maar dan verskyn 'n donkerkol wat uiteindelik verrotting bring. Dit is

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Jesus Genees die….)
presies soos bitterheid in 'n mens se lewe werk.

Heb.12:15: "Pasop dat niemand in die genade van God veragter nie, dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.

Bitterheid werk soos gif in die bewussyn en spruit voort uit seerplekke wat opgedoen word in menslike verhouding. Die mees algemeenste voorkoms van bitterheid word in die verhoudings kind/ouer en man/vrou gevind. Ons weet dat die diepste seer van diè naaste aan ons kom.

Bitterheid besoedel jou hele wese! Dit word in jou spraak, houding en gedrag waargeneem en dit val jou gesondheid aan. Jou bitterheid besoedel ook andere. Bitterheid bou mure van afsondering uit vrees dat jy weer sal seerkry. Dit bou mure van wantroue en vrees dat jou kneusplekke blootgestel sal word, wat weer op sy beurt mure van eensaamheid skep. Dit neem mense weg uit die gemeenskap en hulle raak baie krities teenoor andere.

Verbreekte verhoudings veroorsaak dikwels blindekolle wat verhoed dat ons redelik optree. Ons word mislei aangaande onsself en andere en sien dinge nie soos dit werklik is nie. Gebrek aan gevoel en deernis ontstaan en ons lewens raak self gesentreerd. Min agting vir andere se behoeftes word getoon en 'n onvermoë om na andere uit te reik is die gevolg.

Onvolwassenheid is ook een van die gevolge van wanverhoudings, want alhoewel 'n persoon fisies volwasse raak, eindig sy emosionele ontwikkeling daar waar hy die kneusplek opgedoen het. Emosionele ontwikkeling hervat wanneer hy sy probleem verstaan, slegs dan kan vrymaking en genesing plaasvind, in die Naam van Jesus. Onvergifnis is die wortel van bitterheid, en beskuldiging word haat. Ontkenning van die probleem in jou lewe sal uiteindelik geweldige vernietiging veroorsaak. Bitterheid is in werklikheid die groei akker van elke bose werk. Dit sal enige kind van die Here vermink. Die teengif is om 'n konstante en aanhoudende gees van vergifnis te hê. Wanneer Satan wil kneus, seermaak en onvergifnis wil bring, moet niks daarvan ontvang nie, maar bevry jouself deur dadelik te vergewe! Mat.18:27 **"En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld."** Onvergifnis gee aan Satan 'n wettige reg in jou lewe wat hy aangryp om jou te onderdruk en te martel. Satan het geen respek vir 'n Christen wat met onvergifnis rondloop. Bitterheid volg altyd op onvergifnis en is weereens vernietigend en dra aaklige vrugte en besoedel lewens.

As jy seerplekke, bitterheid en onvergifnis met jou saamdra is jy aan die verlede gebonde en kan jy nie in die hede leef nie. Hierdie bitterheid loop deur na jou huidige verhoudings en die seer bind jou aan persone in die verlede. Tyd sal nie onvergifnis heel of verander nie. Ons moet deur 'n wilsbesluit kies om te vergewe en indien ons dit nie doen nie sal marteling en pyn die gevolg wees.

Lees Matt. 8:21-35. Ons vergifnis teenoor andere stel God se vergifnis teenoor ons vry.

Matt. 6:14-15: "Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

Lees ook Mark.11:23-26 en Efs. 4:32. Vergifnis stel die Here se genesing in jou vry. Vergifnis bly altyd 'n keuse. Jy kies om te vergewe! Moenie volgens gevoelens gaan – dit sal later kom. Sodra jy iemand vergewe kan die Here jou seer genees.

1. Maak 'n lys van slegte verhoudings, verlede en hede.
2. Ondersoek hulle en kry die rede vir die swak punte in daardie verhoudings.
3. Vergewe die persoon of persone wat betrokke was by elkeen van hierdie verhoudings.
4. Jy sal dalk moet regmaak deur die persoon om vergifnis te vra indien die Heilige Gees so lei. Fil.4:7: **"En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus."**

Die mens se basiese behoeftes is liefde en kommunikasie. Wanneer blootgestel aan verwerping, word die persoon liefde, sekuriteit, aanvaarding, identiteit en erkenning ontsê. Hy sal dit dan moeilik vind om liefde te gee of te ontvang. Die gevolg is die verminking en aftakeling van die hele mens. Jesus verstaan verwerping omdat Hy self verwerp was.

Jes. 53:1-3: "Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die Heer geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor Sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid, ja, soos een vir wie 'n mens Sy gelaat verberg. Hy was verag en ons het Hom nie geag nie."

Ernstige verwerping word dikwels in ouer/kind verhoudings gevind. Soms gebeur dit voor geboorte of met aangenome kinders. Sommige kinders ly aan verwerping omdat hulle ouers nie hulle liefde kan toon nie, hierdie ouers het moontlik ook, as gevolg van dieselfde redes, onder verwerping gely. Verwerping by kinders volg gewoonlik wanneer ouers alkoholiste, materialiste, altyd werk, sosiaal, oor krities is en perfeksionisme verwag. Soms vergoed besige ouers hulle kinders met geskenke en geld omdat hulle nie genoeg tyd aan hul kinders bestee nie.

Die effek daarvan is dikwels:

1. 'n Kind wat nie die nodige liefde van sy vader ontvang het nie, sal dit moeilik vind om 'n blywende en bestendige verhouding met die Here te hê.
2. 'n Kind wat opgroei met verwerping verwag en aanvaar eerder verwerping as liefde van Jesus.
3. Die ouerfiguur is die model waarop die kind sy verhouding met die Here bou.

Verwerping word ook ervaar wanneer iemand voel dat hy misluk het in die 'aanvaarbare' vereiste voorwaardes van die gemeenskap. Wanneer dit

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2....Jesus Genees die...)
kom by die mens se verhouding met die Here, vind ons dat hy ontvangklik is vir verwerping weens sonde in sy lewe, die skuldgevoel bring self verwerping. Die gevolge van verwerping is eindeloos, en persone wat die probleem ondervind dat hulle ander wantrou, het oor die algemeen diep wortels van verwerping. Emosionele onvolwassenheid spruit voort uit verwerping wat weer verdere afwykings en wanverhoudings bring, veral in huwelike. Dan is daar nog eensaamheid en vrees, die ontsettende ellende van self-verwerping waar 'n negatiewe selfbeeld gehandhaaf word vol self kritiek en kritiek oor andere. Self-identiteit gaan dikwels verlore, en die mens, kan slegs in Jesus Christus sy identiteit vind. 'n Onstabiele verhouding met die Here kom dikwels ook weens verwerping en ons liefde vir die Here word vervang met 'besig wees' vir Hom in plaas van geloof en vertroue in Hom en aanvaarding van Sy onvoorwaardelike liefde. Begin deur hulle te vergewe wat jou verwerp het en gee al jou verwerping oor aan Jesus Christus. Hy het klaar die prys betaal, - Hy was verag en verlaat deur mens en God (Jes. 53:3). Dit is noodsaaklik dat jy jou ware identiteit in Jesus moet verstaan. 2 Kor.5:17 sê: **"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel, die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."** Aanvaar jouself, vergewe jouself vir jou verlede en ontvang die oneindige liefde van jou Hemelse Vader. Onthou met die Here is daar nooit verwerping!

As Sy kind is jy deel van Christus se Bruid wat deur Sy Gees voorberei word vir die Bruidegom om te wees sonder vlek of rimpel, volgens Efs.5:27. Die sleutel tot volkome genesing van emosionele pyn word gevind in Fil. 3:13-14: **"....Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."**

Vergifnis maak jou vry van die verlede en pyn wat jou daaraan gebind het. Dit skenk jou vrede en jy ondervind die teenwoordigheid en liefde van die Here. Kies vandag om te vergewe en word vrygemaak van die kneusplekke van Satan in Jesus se Naam.

Die Here het die mens gemaak – die heel laaste van Sy skepping, 'n voortreflike gekompliseerde wese! Satan haat natuurlik alles wat die Here geskape het en is daarop uit om dit te vernietig en sy hoofdoelwit is natuurlik man en vrou! Daarom moet ons bewus wees van sy taktieke en gedurig op ons hoede wees. Ons mag aan hom geen plek gee om in ons lewens in te kom nie. (Efs.4:27) **"en gee aan die duiwel geen plek nie."** Prys die Here vir die feit dat ons in Hom volkome beskerming het as ons volgens Sy Woord en Sy Weë wandel en Sy wil te alle tye doen. As ons, ons lewens heeltemal aan Hom oorgee, kan ons verseker wees van Sy volkome beskerming.

Die Here het ons in die afgelope jare geseën met wonderlike fisiese genesings vir duisende mense. Hierdie genesings vind plaas omdat ons ons posisie, as Nuwe Testamentiese kinders van die Here, baie ernstig opneem. Ons word nie langer verblind deur menslike tradisies wat sê dat die oplê van hande op siektes, uitdryf van duiwels en spreek in tale, volgens Mark. 16 verse 15-18 net vir die vestiging van die vroeë kerk was, en daarna opgehou het.

Die Here sê aan ons dat sy Woord nooit verander. Ps.119:89: **"Vir ewig, o Here, staan U woord vas in die hemele".** Jesus, die woord wat vlees geword het volgens Joh. 1:1 en 14, is gister, vandag en tot ewigheid dieselfde (Heb.13:8) en deur Sy wonde het ons genesing ontvang (1 Pet. 2:24). Jesus vertel vir ons in Joh. 14:12-13: **Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan, en wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.**

Ek kan bladsye vul met getuienisse van mense, vir wie ons vanaf 1979 gebid het, wat Goddelike genesing van ons Here Jesus ontvang het. Hulle is genees van kanker, bloed kanker, maagsere, hartkwale, epilepsie, verlamming, blindheid, doofheid, longkwale, vigs, suikersiekte en enige ander kwaal waaraan jy kan dink! Alle eer aan die Here!

Die mees algemene vraag is, waarom nie almal wat vir gebed kom genees word nie. Ons wil nie voorgee dat ons al die antwoorde het nie, maar het oor die jare gevind dat die volgende redes die hoof versperrings is vir die ontvang van genesing.

1. Onbelyde sonde in 'n persoon se lewe, en hier is onvergifnis die algemeenste. (Lees ons boek "Die Krag van Vergifnis")
2. Deelname aan, okkultiese bedrywighede (Lees ons boek 'Ken jou vyand')
3. Gebrek aan geloof wat na vore kom deur die woorde wat jy spreek. (Lees ons boek "Oorwinnaars Taal")
4. Gebrek aan insig van die kruisiging van Jesus (Lees ons boek "Nagmaal en Genesing")

Ons weet dat die liggaam en siel so nou saamgevleg is dat ons nie die feit kan miskyk dat fisiese simptome soms te wyte is aan innerlike spanning, angs, skuldgevoel en stres. Maagsere en spastiese dikderms is dikwels die gevolg van bekommernis, wrokke of haat. Nadat met hierdie innerlike probleme gedeel en (vir goed) ontslae geraak is, volg genesing. Dit help nie om dit goed te praat nie. Intense vrees en bekommernis kan hart probleme veroorsaak. Onthou vrees en bekommernis is sonde! Jy het 'n Verlosser wat vir jou omgee, wat jou nooit sal verlaat of in die steek laat nie, en is in staat om vir jou, in elke situasie, te onderneem! As jy dit glo, sal jy nie vrees of bekommerd wees nie – indien nie, wys dit aan die Here dat jy nie geloof in Sy Woord, Sy beloftes en Sy vermoë het nie! Ons besef dat Hy Soewerein is en ons kan Hom nie beperk of manipuleer deur ons gevolgtrekkings of woorde nie – ons weet egter dat dit Sy wil is dat ons heel en gesond (3 Joh.2) moet wees en ons moet gewillig wees om onsself te ondersoek as genesing nog nie plaasgevind het nie.

Onthou Jesus weet alles van jou af, en nogtans het Hy jou lief. Hy wil vir jou die ewige lewe skenk. Hy wil jou vrymaak van alles wat jou gebonde hou. Hy wil jou liggaam genees. Hy wil al jou kneusplekke wegneem, pynlike emosionele wonde en herinneringe uit die weg ruim. Aanvaar Sy groot liefde vir jou. **As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. (Joh. 8:36)** □

(Vervolg op Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Jesus Genees die…)



Ons God van wonderwerke

….Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek groet almal in die lieflike Naam van Jesus Christus ons Verlosser en Saligmaker. Ek het in Oktober maand 2009 vir u 'n brief gestuur waarin ek vir u gevra het om te bid vir die dogtertjie Renè, wat in die Tygerberg Hospitaal is met die asemhaling probleem en die tragea in haar keel. Sy was reeds 1 jaar en 8 maande in die hospitaal waar sy geleer kruip en loop het. Ek wil graag die goeie nuus met u en u gebedspan deel. God het haar volkome genees en sy is in Julie maand 2010 ontslaan en is fris en gesond. Ek loof en prys onse God, Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde, en bly ons groot Geneesheer. Hy het nog nooit verander nie, prys Sy lieflike Naam. Baie dankie dat u almal met ons saam gebid en vertrou het. Die Here seën u en u span. Goddelike groete.

Mev m E Horn, Kraaifontein
(September 2010)

Liewe Dr James en Meg,

In Jesus naam sê ek baie dankie. My suster gaan vandag huis toe. Twee weke gelede het ek gevra vir gebed, sy was baie ernstig siek. Haar familie het haar al afgegee, en gesê dat die Here moet haar vat. Dankie vir julle gebede toe ek u skakel het. Die Here het haar genees. Die Here antwoord op julle gebede. Rienie gaan huis toe in Oos Londen, en al haar broer en susters was daar vanaf Kaapstad. Ons dien 'n groot God wat nog steeds wonderwerke doen!! Groete in Jesus Naam.

Suster Ellen van der Sandt, Kroonvale
(13 September)

Liewe Dr James en Meg,

Eers wil ek dankie sê vir u gebede. My man het opgehou drink en het 'n werk gekry. Ons loof en prys ons Hemelse Vader!! Liefde

Suzette Kruger, Cinda Park (6 September)

Ek het vir u geskryf die 29 Junie 2010 en u brief van 2 Julie ontvang. Baie dankie. God is goed!!! Ek sien 'n verskil in my kinders se optrede veral my seun George (wat baie rebels kan wees hy is nou 16 jaar oud). Hy sien in wat is reg en wat is verkeerd. Ek het op die 5 September vir die derde keer dieselfde belofte vanaf die Here ontvang. Jer. 29:11 (Ek beplan

voorspoed en nie teëspoed nie 'n hoop vir die toekoms). Baie dankie vir u gebede.

Ronel Muller, Krugersdorp Wes (21 September)

Baie, baie dankie vir die literatuur!! Nog voordat ek die eerste boek klaar gelees het, het ek my hart vir die Here gegee en is ek weergebore!! Halleluja! Jesus het nou die leisels van my lewe, en die Heilige Gees het sy woning in my hart ingeneem. Ek kan nou met vrymoedigheid verklaar. Die Here is my herder en Jesus het vir my – ja vir my aan die kruis gesterf en ek saam met Hom en ek leef nou in Hom!! Halleluja!!! Baie groete en nogmaals dank.

Manus van Zyl, Louis Trichardt (3 September)

Eerstens wil ek u vertel van ons buurman, Evert Calitz. Op 5 Januarie 2010, het ek gevra dat u vir hom sal bid. Hy het skielik siek geword, hoë koors ontwikkel, erge hoofpyne gekry, hy het net gestaar en was soms deurmekaar. Hy het toe epileptiese aanvalle wat kort op mekaar gevolg het begin kry. Daar is toe 'n brein skandering op hom gedoen, en daar is vasgestel dat daar 'n klein gewas op sy brein is. Hy het toe nog longontsteking ook gekry, hulle kon nie dadelik opereer nie, die longontsteking moes eers opklaar. Hy is toe later geopereer, dit het nie goed met hom gegaan nie. Hy was lank in die intensief, en in die Hospitaal, toe het ons vir gebed gevra. Ons is so bly, God het ons gebede verhoor!! Evert is VOLKOME genees!! Hy het verlede maand gegaan vir 'n ondersoek, die toetse wys skoon, geen teken van kanker nie. Evert het sy werk verloor voordat hy siek geword het. Intussen het hy weer ander werk gekry. Hy werk wees en dit gaan baie goed met hom en sy gesin. God is so goed vir ons, Hy doen nie halwe werk nie. Ons loof Hom en ons prys Sy Naam! Baie, baie dankie vir almal van u se gebede.

Mev C Craus, Middelburg (27 Augustus)

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes,

Ons dank en prys die Here vir die pragtige reën wat Hy oor ons droë en uitgedorde land gestuur het op die gebede van Sy mense. Aan Hom alleen al die eer en glorie! Ons is so dankbaar teenoor Hom vir Sy daaglikse seëninge en Sy getrouheid deur in al ons behoeftes te voorsien en vir Sy beskerming, liefde, blydskap en vrede te midde van die onrus wat ons omring in hierdie tye voor Jesus se wederkoms. Ons het baie geskryf oor die Here se terugkoms, veral oor die paar afgelope maande, en ons nuwe boek "Is Jy Gereed" (beskikbaar in beide Afrikaans en Engels), behandel die onderwerp vanuit die aspek van ons gereedheid wanneer hierdie groot gebeurtenis plaasvind. Die Boek van Openbaring sê in hoofstuk 22 vers 17 dat die Bruid van Christus sê "Kom Here Jesus!" Met ander woorde, ons moet verlang na Sy wederkoms en ons fokus moet op ons Hemelse woning wees en nie op hierdie Aarde nie. Die Christen, terwyl hy **IN** die wêreld is, moet hy nie **VAN** die wêreld wees nie! Vir hom, om te lewe, behoort Christus te wees. Of hy eet of drink of wat hy ook al doen, moet hy alles tot eer van die Here doen. Ons mag skatte bymekaar maak, maar laat ons dit in die Hemel bymekaar maak waar geen mot of roes dit kan korrup nie, of waar diewe nie kan inbreek en steel nie. Ons mag strewe na rykdom, maar laat dit ons ambisie wees om ryk in die geloof te wees en in goeie werke waarvoor ons 'n ewige beloning sal oes. As Christene behoort ons doel volkome van die wêreld s'n te verskil en ons moet altyd soek om Sy wil te doen aangaande ons lewens (Sy Woord is Sy Wil), want deur dit te doen sal ons bewys dat ons Sy Hemelse geslag is, ons is pelgrims, vreemdelinge. Soos Abraham is ons geroep na 'n plek wat ons beloofde erfenis is.

(Heb. 11: 8-10) Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.

Ons erfenis wag vir ons in die Hemel, en soos Abraham, moet ons ons fokus plaas op die plek waarheen die Here ons geroep het. Ons gedagtes en beplanning behoort 'n heel nuwe beklemtoning aan te neem. Ons behoort ons bestaan deur die Here se Koninkryksbeginsels te leef, omdat hulle in die Hemel heers. Draai die ander wang, wees lief vir jou vyande en doen goed aan die wat jou kwaadwilliglik gebruik. Vergewe sewentig maal sewe keer en loop die ekstra kilometers wanneer dit van jou verwag word! Ons Koning maak die reëls, en verwag dat hierdie reëls deur Sy onderdane gehoorsaam moet word.

Ons moet dus apart van die wêreld wees in ons

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Uit Dr James se kamtoor)

optredes. As 'n ding reg is, alhoewel ons daardeur verloor, moet dit gedoen word. As dit verkeerd is, alhoewel ons daardeur sal wen, moet ons ons rug op die sonde draai vir ons Here se onthalwe. Ons moet geen gemeenskap hê met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar dit eerder bestraf. Ons behoort waardig te wandel aan ons hoë roeping in Jesus en nie ons oë toelaat, wat binnekort die Koning in Sy skoonheid sal sien, om vensters van wellus te word nie. Die feit dat die Hemel ons ewige huis is moet 'n ware werklikheid vir ons word. Vir die mense van die Here, is daar 'n onmiddellike asook 'n onbeperkte erfenis. Die beste moet nog kom!

My begeerte vir elkeen van ons is dat ons 'n groter visioen en begrip sal hê van die Hemel se roeping en ons hemelse bestemming. Dit is wat ons wil bereik. Mag ons ook 'n groter begrip hê van die Hemel as ons Ewige huis, en nou voorbereidings tref daarvoor. Ek bid dat ons laaste bestemming 'n groter werklikheid word terwyl ons nog in gesondheid en krag hier op die aarde leef. Dit is glad nie morbied nie; in teendeel, dit is in werklikheid net die teenoorgestelde! Laat ons nou voorberei vir die plek waar ons ons ewigheid sal deurbring, die Here vra om aan ons 'n innerlike opgewondenheid en openbaring te gee vir wat Hy gegaan het om vir ons voor te berei. Die dinge wat ons nie sien nie, vertel die Bybel ons, is 'n groter werklikheid as die dinge wat ons in die wêreld rondom ons kan sien, wat tydelik is! **Omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig (2 Kor. 4:18).**

En hierdie ewige dinge wat op ons wag, gaan die wag die moeite werd maak, omdat **1 Kor. 2: 9-10 sê: maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.**

Ons bid vir al die leerders en studente wat besig is om te studeer en hulle eksamens skryf. Dit is so 'n belangrike tyd van die jaar vir hulle en ook stresvol, dus het ons die Here gevra om vir hulle te onderneem op elke spesiale wyse. Ons wil vir julle baie dankie sê vir jul volgehoue liefde, gebedes en ondersteuning op elke manier. Ons waardeer julle getrouheid teenoor die Here se werk werklik en die uitbreiding van Sy roemryke Koninkryk, asook teenoor ons, Sy werkers in Sy wingerd. Mag die Here julle en jul geliefdes oorvloedig seën. Dit is ons gebed vir julle. Baie liefdegroete.

Dr James

LORD I BELIEVE, HELP THOU MY UNBELIEF (Mark 9:24)

Many sincere Christians ask the question: How can I have the faith of a mustard seed? They know that healing as well as other blessings from the Lord are received by grace through faith, but are not sure how to have the necessary faith to receive His promises. Some people frantically try to make themselves believe and end up under condemnation or despair. The truth is that is not an emotion, or an act of the will. Just as we cannot be happy through trying to "feel" happy, we cannot have faith by trying to "feel or work up" faith. In order to be able to believe the Lord, we need to ask Him to quicken His Word and His promises to us by His Holy Spirit. It is through the work of His Spirit that His written Word becomes a reality to us enabling us to believe and trust the Lord to bring it to pass. The Bible tells us that "to each of us has been given the measure of faith." This measure of faith enables us to act upon His Word when we hear the message of Salvation, (the Good News that Jesus saves repentant sinners), and reach out in trust to receive redemption through Jesus. The Lord's Holy Spirit together with the incorruptible Seed (His Word) and your measure of faith bring about the New Birth. (Read our book – "Why must I be born again?")

The Measure of Faith

This measure of faith that is given to every man depends for its growth upon how it is nourished and this nourishment depends on us. Often people surround themselves with things that attack and weaken their faith. They fix their eyes on people who have failed to receive rather than those who have succeeded! In other words, their eyes are on circumstances rather than the Lord's promises. Very often the literature they read, TV they watch or council of friends they receive undermine rather than build their faith. (Job's comforters – Read our book "The Christian and Job). No wonder that some people have weak faith in a time of crises and are unable to overcome.

Fellowship with those who have faith

We know that the disciples of Jesus did not start out with great faith because it is recorded that they were often amazed at what Jesus did. In Matt. 8:27 we read that they marveled when Jesus calmed the storm and remarked on the manner of man that He was, for even the winds and the waves to obeyed Him! As they continued to walk with Jesus, and remain with Him in situations where He displayed faith

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Lord I Believe…..)
and victory over the power of the enemy, they were soon moving out in faith with the same victorious results. It is recorded that people knew from whenst this faith and power of the disciples had come, because in **Acts 4:13 we read "They marveled; and they took knowledge of them that they had been with Jesus**. Thus we see that one of the most important steps that can be taken to nourish faith is to fellowship with those who have faith. Some people who come for healing often want an instant miracle and yet have no desire to sit under the preaching of the Word, services where the Word goes forth to build the faith necessary for them to receive healing. We have to our regret come across some who want instant healing so that they can be on their way and continue in more or less the same spiritual condition they were in when they came. No wonder some are disappointed.

Faith comes by hearing the Word of the Lord.

We do not however build our faith on the experience of others or on their faith, or even on the improvement that exists after the prayer of faith for healing has been prayed, but rather upon the Lord's eternal Word, which is forever established. His Word tells us that **"Faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God." (Rom. 10:17).** Jesus taught His disciples and through His teaching their faith was nourished. This same teaching is available to each one of us today and will nourish our faith. In Mark 6:1-6 we read that in Nazareth Jesus could do no mighty work except to heal a few sick people and He marveled because of their unbelief. So, He went about the villages teaching! He knew that their level of faith depended on the amount of teaching they received. Feed on the Word of the Lord so that in an hour of need it can become your strength. It is through your faith in His Word and His ability to perform it, that healing takes place. **Psalm 107:20 says: "He sent His Word, and healed them."** We need to memorize and meditate upon Scriptures pertaining to divine healing and then say, as Jesus did, when Satan came to Him to tempt Him in the wilderness, **"It is written, Thou shalt not tempt the Lord thy God" Luke 4:12.**

Doubt and Unbelief

As humans we often quickly forget past answered prayer which assists us in having faith for the future. An example of this is when Jesus said to His disciples, who were reasoning among themselves, **"Oh you of little faith, why reason you... Do you not yet understand neither remember the five loaves of the five thousand and how many baskets you took up? Neither the seven loaves of the four thousand and how many baskets you took up?" (Matt. 16:8-10.** Jesus was in fact saying "you have witnessed a miracle of provision and yet you still reason and doubt. Why not live in the realm of faith, where all things are possible?" It is also amazing that human nature in its perversity, having witnessed mighty works and miracles of the Jesus still persists in doubt and unbelief. The Word tells us that **"all things are possible to those who believe**" It also tells us in **Mark 11:23-24: that whoever says to this mountain be removed and cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says. Therefore I say to you, whatever things you ask when you pray, believe that you receive them and you will have them.**

The writer of Hebrews refers to those in unbelief as having an EVIL heart of unbelief (Hebrews 3:11). The Lord looks at lack of faith as sin. Conversely we should have a GOOD heart filled with faith which is pleasing to Him.

Faith through Obedience

Some people who have been disobedient to the Lord, or negligent in their walk with Him, have no confidence when it comes to asking Him for healing or some other blessing. Their faith is weak because they are unable to come in boldness to His throne with their petitions. In 1 John 3:22 we read: **And whatsoever we ask, we receive of Him, because we keep His commandments, and do those things that are pleasing in His sight.** John is saying that if our heart does not condemn us, then we have confidence towards Him. Many cannot have that confidence simply because they are not doing those things that are pleasing in His sight. They are at warfare with their own conscience. The Lord requires that we should walk in the light as He is in the light – that is with our whole heart and soul. If our heart does not condemn us, we find that we have the boldness to approach Him in faith. A humble walk before the Lord is also a sure foundation to a strong faith in Him.

Fearlessness and Boldness

Fear is as much a sin as any other, and the Bible tells us; that whatever is not of faith is sin. Sin always brings punishment. In Revelation 21:8, we read that **"the fearful and unbelieving will be found outside and gates of the City of God."** Many a Christian has lost a battle to the enemy because of fear of the devil more than their fear of the Lord. Jesus said that Satan had nothing on Him, and if our hands are clean and our lips pure we can rebuke the devil with the Word of the Lord with boldness. We are able to withstand the enemy only because of Jesus, who is our righteousness, and in His Name in which is invested great authority and power. When we use this Name in reverence and with boldness with faith and praise, it will cause the enemy to flee. So let us arise and withstand the enemy. It is easy to have faith when things are going well, but we must remember not to doubt in our hour of

(Continued on page. 8)

(Continued from page 7 - Lord I Believe……)
trial.

Remember that "having faith" is simply TRUSTING the Lord to do what His Word says He will do. This surpasses our intellect and all humanism. The Word of the Lord says that **unless we become as little children, we will not see the Kingdom of God.** As an earthly father, if I promise my son a bicycle for his birthday, he believes my words and acts upon them. He immediately thanks me with great enthusiasm and joy, and then runs out and tells the good news to all his friends. It is interesting to note that he does not even contemplate the possibility of my promise not being fulfilled. He does not reason whether or not I have sufficient finance. The fact that he has not yet seen the bicycle does not affect his excitement at all. This is childlike faith in his father's word. Earthly fathers are sinners and can fail, but our Lord will never fail us, His Word is yea and amen, it is dependable and He is not a man that He should lie. We can with absolute certainty trust His Word completely, and when we do this He knows it, and it pleases Him to bring it to pass in our lives and circumstances.

Our words reveal what is really within us. We read in **Romans 10:10-11: For with the heart** (whole mind) **one believes to righteousness, and with the mouth confession is made to salvation. And whoever believes on Him, will not be put to shame.**

It is a fact that, that which we truly believe, we will confess with our mouths, be it positive or negative. You only have to listen to a person's words to know what he truly believes. The Word says **"out of the abundance of the heart the mouth speaketh" (Matt. 12:34).** When we truly believe the Lord's promises the first indication of that belief will be what we say in response. My son's immediate response to the promised bike was, "Thank you Dad!" and our response to our Lord's promises to heal or supply in our need should be a very big and grateful "Thank you!" Thereafter we should speak about that which has been promised, not in a way which amounts to us trying to convince ourselves or others, but in a way which demonstrates our true belief in our Lord's ability to fulfill His promises. Regarding the Word of our Lord, our response should forever be **"The Lord said it, I believe it, and that settles it!"** That is faith!☐

Nuutste Boeke

70 – Are You Ready? – R16.00
71 – Is Jy Gereed? – R16.00

<u>Mosterdsaad Boeke R8.00 elk</u>
M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael